



**1 Petrus 1:17-23**
**Dis ‘n vreemde wêreld, Meester Jack**

*“It’s a strange, strange world we live in, Master Jack.”* In 1968 het hierdie lirieke van die Suid-Afrikaanse musiekgroep Four Jacks and a Jill, die gees van die tyd raakgevat. Dit vertel die verhaal van ’n arbeider, heel moontlik ’n mynwerker, wat sy werk bedank het en koers gekies het op soek na vryheid en geluk. Die liedjie met sy bekende wysie het nommer een op die Suid-Afrikaanse en Kanadese trefferlyste bereik.

Daardie jaar staan tot vandag toe uit as een van die mees chaotiese jare van die twintigste eeu. Op plaaslike bodem was John Vorster die eerste minister in die nadraai van die sluipmoord op Hendrik Verwoerd. Die greep van apartheid het al hoe stywer begin draai op die lewens van elke Suid Afrikaner, maar in die besonder op mense soos die mynwerker in die liedjie. Gou het gerugte die rondte gedoen dat die lied ’n proteslied teen apartheid is en dat *“Master Jack”* ’n subtiele verwysing is na Voster homself. Elders in die wêreld het dit gelyk of alles van waarde uitrafel. Die jaar het begin met ’n erge toename van die oorlog in Vietnam, bekend as die *“Tet Offensief”.* In April van daardie jaar was Martin Luther King Jnr vermoor. Twee maande later was Bobby Kennedy vermoor. Tussen dié twee moorde, was Amerika aan die brand onder luide protes. ’n Landswye staking in Frankryk het die regering amper omvergegooi. Soortgelyke stakings in Wes-Duitsland, Poland en Meksiko het gevestigde oortuigings in groot onsekerheid gedompel. Intussen het die Koue Oorlog gebroei wat die wêreld tot op die rand van ’n apokaliptiese kernoorlog sou bring.

Dit was inderdaad ’n vreemde, vreemde wêreld.

En dit is nogsteeds. Of alweer.

Die sosioloog Stan Guede het in 1993 gesê *“we live in strange times. Or the times we live in make strangers out of folks like me. I’m not sure which.”* Ek is ook nie seker nie. En soms wil ek ook soos in die liedjie vir Meester Jack vaarwel roep en die hasepad inslaan.

Maar Petrus sê hokaai, wag nou. Moenie te vinnig van die vreemdelingskap vlug nie, want soos die Engelsman sê: *“It’s not a bug. It’s a feature.”* Maar die vreemdelingskap wat Petrus ons nooi om te omhels, is nie die vreemde, dwase gedrag van die wêreld nie. Nee, daarvan moet jy so ver moontlik wegbly, waarsku Petrus. Wees heilig, want God is heilig, eggo die opdrag van Levitikus 19 in Petrus se woorde. Vir hom is die gelowige se gevoel van vervreemding ’n kenmerk van die transformerende impak van God se verlossingswerk deur Jesus Christus. Of soos Petrus dit stel: Julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus (v19).

Dié vreemde identiteit is vir Petrus só op die voorgrond van wat dit beteken om ’n Christen te wees, dat hy reeds met die openingswoorde van sy brief, sy lesers daaraan herinner. Aan die uitverkorenes van God, vreemdelinge in die wêreld, wat verspreid woon… uitverkies, gehoorsaam, afgesonder, besprinkel met die bloed van Jesus Christus. Niks hiervan is dubbelsinnig nie. Vir Petrus is dit glashelder: Die wêreld is ons woning nie. Of hoe Totius?

Deur die lens van die wêreld, lyk die volgelinge van Jesus soos vreemde gekke, uitvoeling en uitplek. En deur die lens van die kruis, lyk die wêreld vir die volgelinge van Jesus soos ’n vreemde gekke, gevoellose plek. Maar jou bedankingsbrief moet jy opskeur, want anders as die mynwerker van Meester Jack, het jy ’n roeping om te vervul, tussen die vreemde en selfs wrede meesters van die wêreld.

Nou mag dit wees dat jy antwoord: Ja, maar Petrus het nóg Trump, nóg Netanyahu, nóg Khamenei, nóg Putin, nóg Jinping, nóg Ramaphosa, nóg Steve, nóg Claud, nóg Grok, nóg Tik-Tok, nóg dieselpryse, en nóg vele ander dwase om mee rekeningskap te hou nie. Maar het jy dan nog nie gehoor van Keiser Nero nie, of indien die brief later geskryf is, van Keiser Domitian nie?  Die lewe onder hierdie despotiese keisers was allermins ’n grap, veral as jy ’n Christen was.

Dit was teen agtergrond van ’n wêreld wat al hoe boser en dwaser geword het, dat Petrus (of iemand in sy naam) een van die mooiste tekste in die Nuwe Testament geskryf het. Oor hierdie brief skryf Martin Luther: *“eine der edelsten Episteln”.* Volgens hom is dit nie net een van die edelste

boeke in die Nuwe Testament nie, maar *enthält recht das lautere Evangelium* (bevat inderdaad die suiwer Evangelie). Die Grieks in dié brief van Petrus is so besonders meesterlik geskryf, dat dit juis een van die redes is waarom sommige beweer dat Petrus nie die outeur daarvan kon wees nie. Maar hierin lê daar reeds ’n uitnodiging vir wie ookal dink dat die wêreld ’n vreemde, onverstaanbare plek geword het. Die teenvoeter vir die verwarrende en die vervlakkende, is om die waarheid in die meese edele wyse vir die wêreld voor te hou. Selfs al val dit op dowe en dwase ore.

Vir dié wie se ore oop is, gee Petrus ’n baie sterk indikatief, gevolg deur ’n lysie imperatiewe. Die indikatief is wat Petrus wil hê jy moet weet, glo en bely. En wat is dit? Die belydenis dat die kosbare bloed van Christus ons vrygekoop het. In ’n verwarde wêreld sluit die kruis van Jesus vergesigte oop en bring dit vaste hoop (Liedboek 486). Die Nuwe Testamentikus, Professor Karen Jobes skryf dat die brief ons help om te sien dat *“Jesus is the pattern of Christian destiny.”* In Jesus vind ons, as “vreemde reisigers” *(sojourners)* God se reisplan vir die lewe.

En dit bring ons by die imperatiewe. Dit is wat Petrus wil hê ons moet doen. Maar die volgorde is geweldig belangrik. Enige Christlike-imperatief kan slegs volg op die hakke van die Jesus-indikatief. Anders eindig jy weer presies waar jy begin het, by die dwaasheid van die wêreld wat met offers en oorloë probeer om ’n wêreld te skep wat die gode sal behaag en voorspoed sal bewerkstellig.

So hoe lyk Jesus se reisplan volgens hierdie edele brief?

- In 'n dronk en dwase wêreld, dink nugter.

- In siniese seisoene, leef voluit met hoop.

- As jy voel jy pas nie in nie, laat dit wees omdat jy met gehoorsame heiligheid leef.

- In 'n kompeterende wêreld wat ander uitsluit, leef met vreemde verwondering teenoor God se goedheid en trou.

- In tye van geweld, wees 'n goeie broer.

- En waar apatie gedy, hê werklik lief.

*It's a very strange world, and I thank you, Master Jesus.*